Genesis 12:1-9
Teksverse: Gen 12:4a,8a en 9
Tema: My wil en God se wil.

Geliefde gemeente,
Om te doen wat ander wil; hê jy moet doen, is maar moeilik. Ons wil eerder doen wat ONS wil doen. Ons is eintlik net gelukkig as dinge loop soos ons dit beplan en wil laat loop.

Met gehoorsaamheid aan iemand anders se wil, het ons as mense maar altyd 'n probleem. Die rede daarvoor is: Ek weet wat reg en verkeerd is. Ja, elkeen van ons het maar 'n eiewillige streep in ons.
Adam en Eva het dit gehad en gedoen wat hulle wou doen.
Israel het gedoen wat hulle wou doen en afgode aanbid.
Ons doen dit en stel ons wil bo die wil van God. En tog bid ons gereeld , en moet ek by sê, so maklik – "Laat U wil geskied..."

Nou leer ons uit die Skrif dat ons moet vra dat God ons sy wil leer, sodat ons dit kan doen!
Vir Abram was dit makliker, want God praat direk en persoonlik met hom – Vat jou goed en immigreer! Dit is My wil vir jou lewe op hierdie oomblik. Daarom het Abram sonder om te aarsel gedoen wat God van hom eis. Hy kon rustig gebly het waar hy was. Hy kon voorboer met sy skape, bokke en kamele sonder enige ontwrigting. Maar sonder om te aarsel, luiter hy wat God beveel, pak sy hele familie op en trek na 'n vreemde land tussen die heidene in.

Wanneer ek en jy hierdie bede van die Onse Vader bid – Laat u wil geskied – bid ons dat dieselfde gesindheid wat daar by Abram was, by ons sal wees. Dat ons, net soos Abram, God se wil bo ons wil sal stel. Om hierdie bede dan met ware opregtheid en eerlikheid te bid, eis van ons 3 dinge:
- Hierdie is 'n bede om wilsversaking
- 'n Gebed om wilsgetrouheid, en
- 'n gebed om werksgetrouheid.

Wilsversaking:
Ons bid hier dat God wat sy wil aan ons geopenbaar het in sy Woord, ook ons wil moet word. Saamgevat is dit om God bo alles lief te hê. Ons moet meer en meer bid dat God deur sy Heilige Gees ons verstand en hart en wese so sal vul, dat ons nie ons eie wil in dinge sal soek nie, maar meer en meer sal vra, wat is U wil Here. Dan gaan dit gepaard met 'n aktiewe uitvoering van wat God beveel en eis. Ons moet in elke situasie , voor ons optree of praat of doen, vra: Is dit wat die Here van my eis? Is dit wat Christus sou doen? Dit beteken 'n leegmaak van onsself. Dit is 'n agterlaat van ons eie sondige wil wat 'n breek bring tussen ons en God. Dit ios wat Jesus ons leer en wat Hy bedoel in Matteus 16:24 as Hy sê: "As iemand agter my wil aankom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg...".

Vir ons as sondige mense is dit moeilik, juis omdat ons eerder ons eie ding wil doen as God se wil. Vir hierdie tekortkoming van ons kant het Jesus voor die kruis gebid en gevra – laat hierdie beker (Sy lyding) by My verbygaan. En verder: Laat nogtans nie My wil nie, maar U wil geskied. Hy het in ons plek sy wil versaak – om tenvolle heel te maak waar ons tekort skiet!

Wilsgehoorsaamheid:
Dit is om soos Abramte hoor (en hoe onvanpas en onlogies dit ookal mag klink) te doen wat God eis. Hoeveel keer hoor ons nie God se wil vir ons lewe en dink dan – Ek moes verkeerd gehoor het! Dit kan tog nie wees dat God dit van my verwag nie! Hy kan tog nie bedoel dat ek die een of daardie een moet vergewe nie – dit is te veel gevra! Ek hoor – Jy mag nie die Lotto speel nie want dan vertrou jy nie op God as jou versorger nie – dan dink ons: As ek wen kan ek soveel goed met daardie geld doen!
Deur hierdie bede wat ons bid, smeek ons God om ons sterk te maak deur die Heilige Gees. Sterk in my geloof om nie net te hoor en te vra en intwyfel te trek nie, maar om om te draai en te gaan doen – hoe moeilik en onlogies dit ookal mag klink. Ja, gemeente, dit is 'n aktiewe breek net die sonde wat ons so maklik verstrik en 'n gehoorsame aktiewe volg van Christus met sy Woord as enigste riglyn!

Werksgetrouheid:
Die Heidelbergse kategismus bring ook ons werksetiek in verband met hierdie bede. Die engele in die hemel is gehoorsaam aan God in die opdragte en werk wat God aan hulle opdra. Dit beteken dat hierdie bede ook handel oor daar waar ek in die kantoor, fabriek, in die studeerkamer op die skoolbanke waarookal, sal werk en doen soos wat God dit van ons eis. Dat ons daar gehoorsaam sal wees aan die opdrag van sy Woord. Dat ons nie agter luiheid sal wegkruip nie, maar sal gee en dien en werk vir die salaris wat ons ontvang, anders steel ons! Want ons moet weet, ons werk nie in die eerste plek vir 'n baas nie, maar vir God as sy instrumente in die wêreld.

Dit is moeilik. Nie net vir my en jou nie, maar ook vir die gelowiges wat voor ons hierdie bede gebid het. Vir Paulus was dit moeilik want Hy het geweet hy gaan in 'n tronk sit. Maar steeds het hy nie teruggedeins vir sy opdrag nie. En weet julle hoekom?
Ons is opgewek tot 'n nuwe lewe, leer die Skrif ons. En daardie opwek in krag is dieselfde opwek wat God gebruik het toe Hy Christus uit die dood opgewek het. Ons KAN!!!
God wil hê dat ons reeds nou op aarde iets sal sien van die heerlikheid wat kom. Die volmaakte diens, gehoorsaamheid aan God se wil. Daarom laat Hy ons die Nuwe Jerusalem sien deur die sleutelgat van sy Woord
Maak jou leeg van jouself, sodat jy vol kan word van sy Gees.
AMEN
Ds Human Coetsee